MOSSELBAAI GHOLF LANDGOED HEV

ONS HOU U OP HOOGTE VAN SAKE

IN DIE NUUS

deurMARTIN SMITH

BOODSKAP VAN DIE HEV DIREKSIE

IN HIERDIE UITGAWE
Fokus op Sekuriteit, Gholfdag, Reëls en AJV

Die jaar 2015 is besig om vinnig uit te loop. Desember is om die draai en daarmee verwelkom ons al die besoekers en inwoners vanoor die hele Suid Afrika en buiteland. Ons vertrou julle sal 'n wondelike tyd hier in Mosselbaai geniet.

'n Spesiale woord van verwelkoming aan al ons "Swallow" vriende wat uit Europa begin aankom. Ons het julle gemis en vertrou die tyd hier in Suid Afrika sal baie aangenaam wees.

Ons moet met leedwese aankondig dat Mnr Dirk van Wyk, Galatealaan 168B op 7 November 2015 in Frazerburg, oorlede is. Ons medelye gaan aan sy familie. Hy sal gemis word deur sy bure en vriende hier in Mosselbaai.

SEKURITEIT WAARSKUWING

Gedurende die nagte van 12 en 13 November 2015, het vandale twee straatligte gebreek. Die koppe is afgebreek en die volgende dag in die bosse gevind. Die nag van 12 November, is die "Baracuda" swembadskoonmaker by die swembad in Zarastraat beskadig. Beide sake word ondersoek. Inwoners word vriendelik versoek om enige verdagte aksies/bewegings by die Reaksie Eenheid aan te meld.

Twee voorvalle van motor inbrake het ook gedurende die nag van 15 November 2015, voorgekom. Een voertuig kon nie oopgemaak word nie, terwyl die ander een wel oopgemaak is. Waardevolle items is verwyder. Inwoners word versoek om voertuie waar moontlik, in motorhuise te parkeer. Indien dit nie moontlik is nie, moet geen waardevolle items in die motor gelaat word nie. Hierdie saak word ook ondersoek.

KWARTAALIKSE NUUSBRIEF

Ons beplan om gedurende 2016 elke kwartaal 'n nuusbrief te publiseer. 'n Opsomming van die Raad van Direkteure (RVD) se aktiwiteite, waar moontlik sal aangebied word. Inwoners word ook versoek om enige belangrike nuuswaardigheid deur te gee. Indien dit van belang is, kan dit in

die nuusbrief opgeneem word. Inligting kan gestuur word na Jaco, Status Mark (044 691 3054) of Martin Smith (Bemarking & O/Skakeling) (044 690 4724 of 083 283 3204).

ARK SUB - KOMITEE

Daar is besluit dat die Landgoed vanaf 15 Desember 2015 vir alle kontrateurs sal sluit. Op 11 Januarie 2016 sal die Landgoed weer oop wees. Geen kontrakteurs, behalwe noodgevalle, sal gedurende hierdie twee datums op die Landgoed toegelaat word nie. U word vriendelik versoek om werk dienooreenkomstig af te handel.

Teen die begin van November 2015 was 33 eiendomme nog nie ontwikkel nie. Verlede jaar was die aantal 44. Die ARB (Architectural Review Board) bedank alle eienaars, argitekte, bouers en agente vir die samewerking die afgelope jaar.

GHOLFKLUB

Tydens die gholfklub se AJV, gehou op 30 September 2015, is Mnr Paul Brits tot nuwe President verkies. 'n Komitee bestaande uit twee verteenwoordiges van die HEV en twee van die Gholfklub is aangestel en die eerste vergadering het reeds plaasgevind. Ons is van mening dat die verhouding met die Gholfklub, eersdaags weer gesond sal wees.

VAN GHOLF GEPRAAT!!!

Onthou asseblief dat die **HEV se gholfdag op 6 DESEMBER 2015**

by die Mosselbaai Gholfklub gaan plaasvind. Gedurende April 2015, het ons R15 000-00 tydens 'n gholfdag ingesamel en aan die DBV oorbetaal. Ons is bewus van die uitstekende werk wat die ACVV,

ACVV

met beperkte fondse, onder ons mense verrig en daarom is daar besluit om nou fondse vir hierdie organisasie in te samel. **U ONDERSTEUNING SAL WAARDEER WORD.** Kontak asseblief vir Lizette by die gholfklub

indien u wil deel wees van hierdie gholfdag.

REËLS

As gevolg van verhoogde verkeer op die Landgoed gedurende Desember, sal ons beslis by reëls en veiligheids-maatreëls moet bly. Reëls word neergelê deur die HEV en die RVD sorg slegs dat **JULLE** reëls nagekom word. Dit is nie altyd lekker nie, maar ongelukkig met meer as 400 eenhede op die Landgoed, moet ons sorg dat daar voldoende bestuur is. Ons wil u ook vriendelik versoek om die Landgoedbestuurder te help en onaanvaarbare aksies deur besoekers aan te meld. 'n Vriendelike verduideliking van reëls sal ook baie waardeer word.

Die volgende word gelys vir aandag, asseblief:

- Sakke met rommel moet SLEGS op Maandae uitgesit word. Indien dit oor naweke gedoen word, skeur voëls en diere die sakke en die omgewing word bemors.
- Sommige werkers by huise, gebruik steeds van die publieke en gholklub areas vir toilette. Dit moet onmiddellik gestaak word.
- Wasgoed word oor balkonne en mure gehang. Dit is onaanvaarbaar en alle wasgoed mag nie sigbaar van strate en die gholfbaan wees nie.
- Die swembaddens is elke jaar 'n groot probleem. Vandale beskadig ons eiendom en inwoners word vriendelik versoek om behulpsaam te wees. Indien enige verdagte optredes bemerk word, skakel asseblief onmiddellik die Reaksie Eenheid by 081 435 0997. 'n Verwysing van die aanmelding kan ook gevra word.
- Neem asseblief kennis dat die paaie in die Landgoed geklassifiseer is as publieke paaie. Geen persoon onder 18, wat nie oor 'n geldige rybewys beskik, mag derhalwe 'n gholfkarretjie op die paaie bestuur nie. Onder spesiale voorwaardes, kan 'n persoon jonger as 18, 'n gholfkarretjie op die gholfbaan bestuur tewyl hy/sy 'n amptelike wedstryd speel.

.

WOORD VAN DANK

Die Raad van Direkteure wil alle inwoners bedank vir hulle begrip en samewerking gedurende 2015 en ons sien daarna uit om gedurende 2016 weer 'n voorspoedige jaar op die Landgoed te mag geniet.

AJV

'n Amptelike kennisgewing van ons Algemene Jaarvergadering (AJV) word eersdaags uitgestuur. Maak nou reeds 'n aantekening daarvan vir 10:00 op 23 Desember 2015.